

Saterdag 20 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 9:20-31 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Handeling 9:30 (1953-vertaling)

Leef jy waarlik as jou medegelowige se broer of suster?

Ons gebruik vandag veral die naam “Christen” om te verwys na iemand wat in Jesus glo. Mense wat in Christus glo, is egter nie altyd Christene genoem nie. Eers in Handeling 11:26 lees ons dat gelowiges Christene genoem is.

Vroeër is ander name gebruik om na volgelinge van Jesus te verwys. Beskrywende name. Name wat steeds geld en wat, wanneer ons dit uitleef, ook ons eie lewens moet beskryf. Vandag kyk ons na een van dié ander name en môre na nog twee. Ongelukkig is al drie hierdie name in die 1983-vertaling bloot met die woord “gelowige” vertaal. In die 1953-vertaling en ook die Direkte Vertaling kan die korrek vertaalde name gevind word.

Die eerste naam vind ons in Handeling 9:30. Die 1953-vertaling sê dat die “broeders” vir Saulus na Cesarea toe afgebring en na Tarsus toe weggestuur het. Hoekom word hulle broeders genoem?

Die gelowiges in Jerusalem was, nadat Saulus van Damaskus af teruggekeer het, baie bang vir hom. Hulle het sy bekering gewantou. Was dit nie net ’n set om hulle vertrou te wen sodat hy hulle dan makliker kon vervolg nie?

Nadat hulle egter van Saulus se opregtheid en ware bekering oortuig geraak het, het hulle hul waarlik oor hom ontferm. Hulle het hom in hulle kring ingetrek. Hulle was geloofs familie – mekaar se broers en susters. Toe dit duidelik word dat die Jode hierdie broer van hulle wil vermoor, het hulle gedoen wat familie doen. Hulle het hom beskerm en na veiligheid weggestuur – al het dit waarskynlik vir hulleself groot koste en risiko ingehou. Sien ’n soortgelyke gebeurtenis in Handeling 17:5-10.

Leef jy waarlik as broer of suster van jou medegelowiges? Word jou omgee vir jou broer en suster in Christus sigbaar in die moeite wat jy doen om ware hulp en/of beskerming te gee?

Sing: Psalm 133-1:1, 2

Dr. JA Erasmus (Jannie) (Odendaalsrus)